
Rus vir die vermoeides : Wees still
en weet Hy is God
shofar

**(Psalm 46:11a)** “Wees stil en weet Ek is God!



**(2 Kon 18:5-6)** Hy het op die Here , die God van Israel, vertrou, sodat onder al die konings van Juda ná hom en die wat voor hom gewees het, niemand soos hy was nie. Ja, hy het die Here aangehang sonder om van Hom af te wyk en sy gebooie onderhou wat die Here Moses beveel het.

**(2 Kon 18:19)** 'Toe sê die hoofadjudant vir hulle: “Sê vir Hiskia: So sê die groot koning van Assirië: **<u>Waarop berus hierdie vertroue van jou?</u>**

**(2 Kon 18:35)** Wie van al die gode van die ander lande kon sy land uit my mag red? Dan sal die Here mos nie Jerusalem uit my mag kan red nie!”

**(2 Kon 19:1-2)** Toe koning Hiskia dit hoor, het hy ook sy klere geskeur. Hy het rouklere aangetrek en is na die huis van die Here toe. Daarna stuur hy die paleisbestuurder Eljakim, die staatsekretaris Sebna en die leiers van die priesters, almal in rouklere, na die profeet Jesaja seun van Amos toe.

**(2 Kon 19:14-15)** En toe Hiskía die brief uit die hand van die boodskappers ontvang en dit gelees het, het hy opgegaan na die huis van die Here ; en Hiskía het dit voor die aangesig van die Here uitgesprei. En Hiskía het voor die aangesig van die Here gebid en gesê: Here , God van Israel, wat op die gérubs troon, U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, Ú het die hemel en die aarde gemaak!

**(2 Kon 19:20)** Toe laat Jesaja, die seun van Amos, Hiskía weet: So spreek die Here , die God van Israel: **Wat jy tot My gebid het** insake Sánherib, die koning van Assirië, **het Ek gehoor.**

**(2 Kon 19:35)** En in dieselfde nag het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak — was dit almal dooie liggame!

**(Psalm 46:1-4)** God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid. Oor die strome van die rivier is daar blydskap in die Godstad, in die heilige woning van die Allerhoogste

**(Psalm 46:5-8)** God is daar; die stad sal nie wankel nie. God sal hom help nog voor die môre kom. Nasies kan raas en koninkryke wankel, maar as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. Kom kyk wat die Here gedoen het, watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring:

**(Psalm 46:9-11)** die oorloë oor die hele aarde laat Hy ophou, pyle en boë verbreek Hy, spiese slaan Hy stukkend, oorlogswaens verbrand Hy met vuur. “Wees stil en weet Ek is God! Ek sal vereer word deur die nasies, verhewe wees oor die hele aarde.” Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.

**(Rom 8:31-32)** WAT sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?